

**Woensdag 15 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 40**

**Fokusgedeelte: Psalm 40:18**

### **God versorg ons en red ons**

In Psalm 40 gaan dit oor die gelowige mens wat as gevolg van die sonde en gebrokenheid van die wêreld smag na verlossing, na iemand wat wil en kan red.

Hoewel ons reeds in hierdie lewe in en deur Jesus Christus God se kinders is, lewe ons nog tot by sy wederkoms in 'n sondige en onvolmaakte toestand en omgewing. Dit maak ons lewe en lewensomstandighede vir ons soms uiters moeilik en pynlik.

Die digter van Psalm 40 vergelyk ons toestand byvoorbeeld met iemand wat diep in 'n modderige en slymerige put geval het, en wat roep na die hulp van die Here. Ander kere – volgens die psalm – raak ons bewus van die stryd wat ons het teen vreemde geestelike magte, teen gedagtes en idees wat ons geloof aanveg. Verder noem die psalm dit dat werklike fisiese rampe ons herhaaldelik kan tref, en nog 'n voorbeeld van iets wat dit vir ons onaangenaam maak, is dat ons of ons kinders oor hulle geloof, hulle beginsels of lewenstyl gespot word.

Beteken dit dat God ons nie meer ken nie, en nie na ons gebede en smeking luister nie? Wat moet ons doen om al hierdie slegte dinge wat met ons of met ons medegelowiges gebeur en kan gebeur, te verander of te verhinder? Die psalmdigter sê: Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou op die Here stel (vs 5). Dit is woorde wat ons laaf en vertroos. Kyk op na God, die lewende God en Vader. Hy is ons hulp. Hy het dit oor en oor bewys, en die hoogtepunt van Psalm 40 is waar dit duidelik word dat ons in Jesus Christus die finale bewys het van God se genade en liefde vir ons elkeen, want Hy het met sy selfoffer aan die kruis vir al ons sondes ten volle betaal – in ons plek (vs 7-10; Heb. 10:5-10).

Wat Hy van ons vra, is nie allerlei offers of pogings om Hom te behaag of sy guns te wen nie. Ons het dit reeds in Christus. Bly maar net aan Hom gehoorsaam. God het aan ons ore gegee om na Hom te luister! Maar soms beproef Hy ons, soms moet ons ly en swaarkry, juis sodat ons ons geloof in Hom kan versterk en ons afhanklikheid kan bely. Daarom, hou aan om saam met al God se kinders te weet en te glo:

“Al is ek arm, ellendig,  
Hy dink aan my bestendig.  
Hy is die Here (aan wie ek behoort), by wie  
Daar redding is vir my.  
U's tot my hulp naby.  
My God vertoef tog nie!” (Ps. 40:8 berymd)

*Sing: Psalm 40-1:3, 8*

*Prof. A le R du Plooy (Dries) (Emeritus)*